

Departement van Kultuursake en Sport

Jaarlikse Prestasieplan

**vir
2012/13**

Wes-Kaap

Datum van tertafellegging
1 Maart 2012

VOORWOORD

Die Departement se Jaarlikse Prestasieplan poog om munt te slaan uit winste van die verlede terwyl ons daarop gerig is om ons visie van 'n maatskaplik inklusiewe, kreatiewe en aktiewe Wes-Kaap te verwesenlik. Ons bly daartoe verbind om groter deelname aan sport, ontspanning, kuns en kultuur en groter toegang tot ons biblioteke, museums en erfenis en taaldienste te verseker. Ons erken egter dat dit slegs bereik kan word deur die doeltreffende bestuur van ons hulpbronne en die implementering van gesonde administratiewe praktyke. Ons sal dus seker maak dat die gehalte van ons dienslewering gebaseer word op die kernwaardes van integriteit, verantwoordingspligtigheid, bevoegdheid, responsiwiteit en sorg terwyl ons seker maak dat gehalte en doeltreffende korporatiewe bestuur deel is van ons programme.

Die implementering van ons skoolsportstrategie gaan sy tweede jaar binne, en ons sal die produkaanbieding en gehalte van die dienste wat by die MGO- (massadeelname; geleentheid en toegang; ontwikkeling en groei) sportsentra aangebied word, verbeter. Dit sal verhoogde deelnamevlakke en die versterking van skakels met susterdepartemente soos die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling en die Wes-Kaapse Onderwysdepartement sowel as die gemeenskap en die burgerlike samelewing insluit. Ons gaan vanjaar ook mededingende skoolligas binne ons streek formeel van stapel stuur.

Biblioteke is nie net belangrike bewaarplekke van kennis nie, maar plaaslike biblioteke vorm dikwels die middelpunt van die gemeenskapslewe. Hoewel die dooiepunt aangaande biblioteke en die onbefondsde mandaat 'n uitdaging bly, is dit belangrik dat die Departement moet voortgaan om die mees kwesbare biblioteke, naamlik Kategorie B3 Munisipale Biblioteke, te ondersteun. Hierdie ondersteuning sal daardie munisipaliteite in staat stel om voort te gaan om biblioteekdienste van 'n hoë gehalte aan hulle onderskeie gemeenskappe te lewer.

Dit is ook belangrik dat ons moet voortbou op die inisiatiewe om groter sekerheid in die befondsing van professionele organisasies binne die kuns- en kultuursektor mee te bring. Die Jaarlikse Prestasieplan poog dus om dit te bereik terwyl daar terselfdertyd seker gemaak word dat professionele kunsliggame 'n vennootskap met die Departement sluit. Dit sal toegang tot geleenthede vir opleiding en ontwikkeling vir kleiner gemeenskapsgebaseerde organisasies en die jeug verbeter.

Hierdie Jaarlikse Prestasieplan bou voort op ons vasberadenheid om deelname en toegang uit te brei deur die vorming van doeltreffende vennootskappe om geleenthede te skep, herstel van onregte te fasiliteer en beduidend verbeterde, doeltreffende, billike en toeganklike dienslewering te verseker. Dit bou verder voort op die begrip dat die landelike gebiede van die Wes-Kaap 'n billike aandeel van die geleenthede wat sport- en kultuursektore kan aanbied, moet ontvang.

DR. I. MEYER, MPP
MINISTER VIR KULTUURSAKE, SPORT EN REKREASIE


AMPTELIKE BEKRAGTING

Daar word hiermee gesertifiseer dat hierdie Jaarlike Prestasieplan:

- ontwikkel is deur die bestuur van die Departement van Kultuursake en Sport onder leiding van Minister Ivan Meyer
- voorberei is in lyn met die huidige Strategiese Plan van die Departement van Kultuursake en Sport
- 'n akkurate weergawe bied van die prestasieteikens wat die Departement van Kultuursake en Sport sal poog om te behaal, gegewe die hulpbronne waarvoor daar in die begroting vir 2012/13 voorsiening gemaak word.


BRENDA RUTGERS
HOOF- FINANSIËLE BEAMPTE

HANDTEKENING:



BRENT WALTERS
REKENPLIGTIGE BEAMPTE


HANDTEKENING:



GOEDGEKEUR DEUR:

MINISTER IVAN MEYER
UITVOERENDE GESAG

HANDTEKENING:



DEEL A: STRATEGIESE OORSIG	5
1. Visie	5
2. Missie	5
3. Waardes	5
4. Wetgewende en ander mandate	5
4.1 Grondwetlike mandate	5
4.2 Wetgewende mandate	9
4.3 Beleidsmandate	12
4.4 Tersaaklike hofbeslissings	14
4.5 Beplande beleidsinisiatiewe	15
5. Opedateerde situasie-ontleding	16
5.1 Prestasieleweringomgewing	17
5.2 Organisatoriese omgewing	22
6. Hersiening van wetgewende en ander mandate	24
7. Oorsig van begroting vir 2012/13-begroting en MTUR-ramings	24
7.1 Uitgaweramings	24
7.2 Verband tussen uitgawetendense en strategiese doelwitte	25
DEEL B: PROGRAM- EN SUBPROGRAMPLANNE	26
8. Program 1: Administrasie	26
8.1 Strategiese doelwit - jaarlikse teikens vir 2012/13	26
8.2 Programprestasie-aanwysers en jaarlikse teikens vir 2012/13	28

8.3	Kwartaalteikens vir 2012/13	30
8.4	Versoening van prestasieteikens met die begroting en MTUR	31
9.	Program 2: Kultuursake	32
9.1	Strategiese doelwit – jaarlikse teikens vir 2012/13	33
9.2	Programprestasie-aanwysers en jaarlikse teikens vir 2012/13	38
9.3	Kwartaalteikens vir 2012/13	44
9.4	Versoening van prestasieteikens met die begroting en MTUR	49
10.	Program 3: Biblioteek- en Argiefdienste	50
10.1	Strategiese doelwit – jaarlikse teikens vir 2012/13	51
10.2	Programprestasie-aanwysers en jaarlikse teikens vir 2012/13	53
10.3	Kwartaalteikens vir 2012/13	57
10.4	Versoening van prestasieteikens met die begroting en MTUR	59
11.	Program 4: Sport en Rekreasie	61
11.1	Strategiese doelwit – jaarlikse teikens vir 2012/13	61
11.2	Programprestasie-aanwysers en jaarlikse teikens vir 2012/13	64
11.3	Kwartaalteikens vir 2012/13	67
11.4	Versoening van prestasieteikens met die begroting en MTUR	71
DEEL C: SKAKELS MET ANDER PLANNE		72
12.	Voorwaardelike toelaes	72
12.1	Jaarlikse teikens	72
12.2	Kwartaalteikens vir 2012/13	75
13.	Openbare entiteite	78
14.	Aanhangsel 1: Veranderinge aan die vyfjaar- Strategiese Plan: 2010/11–2014/15	80

DEEL A: STRATEGIESE OORSIG

1. Visie

'n Maatskaplik inklusiewe, kreatiewe en aktiewe Wes-Kaap.

2. Missie

Ons moedig uitmuntendheid en inklusiwiteit in sport en kultuur aan deur middel van die doeltreffende, doelmatige en volhoubare gebruik van ons hulpbronne, asook deur middel van kreatiewe vennootskappe met ander. Deur na uitnemendheid te beweeg, sal ons die omstandighede skep vir toegang en massadeelname, talent-identifisering en vaardigheidsontwikkeling.

3. Waardes

Integriteit, Verantwoordingspligtigheid, Bevoegdheid, Responsiwiteit, Sorg.

4. Wetgewende en ander mandate

Die Departement beskou die wetgewende mandaat waarop sy algehele funksionering gegrond is as bindend, veral wat betref doeltreffende, billike en toeganklike dienslewering, ooreenkomstig die Regering se Witskrif oor Transformasie van Openbare Dienslewering, die Batho Pele-inisiatief.

Die Departement funksioneer binne die volgende wetgewende en beleidsmandate:

4.1 Grondwetlike mandate

GRONDWET	ARTIKEL	REGSTREEKSE VERANTWOORDELIKHEID VAN DIE DEPARTEMENT OM NAKOMING TE VERSEKER
Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 (Wet 108 van 1996)	Artikel 6(3) en (4): Taal	Die Wes-Kaapse Regering moet deur middel van wetgewende en ander maatreëls sy gebruik van amptelike tale reguleer en monitor. Alle amptelike tale moet gelyke aansien geniet en billik behandel word. Die Wes-Kaapse Taalkomitee, in samewerking met die Departement van Kultuursake en Sport, het die verantwoordelikheid om die implementering van die Wes-Kaapse Provinsiale Taalbeleid, wat in 2001 aanvaar is, te monitor en te evalueer, en moet minstens jaarliks aan die Wes-Kaapse Wetgewer oor hierdie mandaat verslag doen.
	Artikel 30: Taal en kultuur	Die Departement fasiliteer geleenthede vir die mense van die Wes-Kaap om hulle taal- en kultuurregte uit te oefen deur middel van programme en projekte wat deur die Departement aangebied en ondersteun word.
	Artikel 31: Kultuur-, godsdiens- en taalgemeenskappe	Die Departement moet verseker dat sy programme en projekte die kulturele diversiteit van die bevolking van die Wes-Kaap respekteer.
	Artikel 41: Beginsels van regering van samewerking en interregeringsbetrekkinge	Die Departement werk met alle sferes van die regering saam. Ooreenkomstig die mandate, werk die Departement nou saam met die nasionale Departement van Kuns en Kultuur en

GRONDWET	ARTIKEL	REGSTREEKSE VERANTWOORDELIKHEID VAN DIE DEPARTEMENT OM NAKOMING TE VERSEKER
		die nasionale Departement van Sport en Ontspanning, nasionale en provinsiale openbare entiteite en munisipaliteite in die Wes-Kaap.
	Artikel 156(4): Toewysing van magte	<p>Die Departement moet by wyse van 'n ooreenkoms en behoudens enige voorwaardes aan 'n munisipaliteit die administrasie opdra van 'n aangeleentheid wat in Deel A van Bylae 4 of Deel A van Bylae 5 vermeld word en wat noodsaaklikerwys op plaaslike regering betrekking het, indien:</p> <p>(a) daardie aangeleentheid die doeltreffendste plaaslik geadministreer sou kon word, en</p> <p>(b) die munisipaliteit die kapasiteit het om dit te administreer.</p> <p>Die Departement, in samewerking met die Nasionale Tesourie en die nasionale Departement van Kuns en Kultuur, fasiliteer die lewering van openbare biblioteekdienste deur die Voowaardelike Toelae vir Gemeenskapsbiblioteke, wat deur plaaslike regering as 'n onbefondsde mandaat beskou word.</p> <p>Die Departement, deur befondsing wat vir B3-munisipaliteite van die Provinsiale Tesourie ontvang is, sal hierdie munisipaliteite gedeeltelik befonds vir die biblioteekdienste wat gelewer word.</p>
	Bylae 4: Funksionele gebiede van Konkurrente Nasionale en Provinsiale Wetgewende Bevoegdheid	<p>Kultuuraangeleenthede:</p> <ul style="list-style-type: none"> Die Departement werk nou saam met die nasionale Departement van Kuns en Kultuur en verwante staatsinstellings rakende konkurrente kuns-, kultuur- en erfenisaangeleenthede. <p>Taalbeleid en die regulering van amptelike tale in soverre die bepalings van artikel 6 van die Grondwet uitdruklik wetgewende bevoegdheid aan die Wes-Kaapse Provinsiale Wetgewer opdra:</p> <ul style="list-style-type: none"> Die Departement werk nou saam met die nasionale Departement van Kuns en Kultuur en verwante staatsinstellings rakende taalbeleidsaangeleenthede.
	Bylae 5: Funksionele gebiede van Eksklusiewe Provinsiale Wetgewende Bevoegdheid	<p>Argiewe buiten en behalwe nasionale argiewe:</p> <ul style="list-style-type: none"> Die Departement het 'n mandaat om provinsiale wetgewing rakende argiewe buiten en behalwe nasionale argiewe op te stel en die implementering daarvan te bestuur.

GRONDWET	ARTIKEL	REGSTREEKSE VERANTWOORDELIKHEID VAN DIE DEPARTEMENT OM NAKOMING TE VERSEKER
		<p>Die Departement is verantwoordelik vir die lewering van die Provinsiale Argief- en Rekordbestuursdiens.</p> <p>Biblioteke buiten en behalwe nasionale biblioteke:</p> <ul style="list-style-type: none"> Die Departement het 'n mandaat om provinsiale wetgewing rakende biblioteke buiten en behalwe nasionale biblioteke op te stel en om die implementering daarvan te bestuur. Die Departement is verantwoordelik vir die lewering van die provinsiale Biblioteek- en Inligtingsdiens en werk nou saam met die openbare biblioteekowerhede om 'n openbare biblioteekdiens te lewer. <p>Museums buiten en behalwe nasionale museums:</p> <ul style="list-style-type: none"> Die Departement het 'n mandaat om eksklusiewe provinsiale wetgewing rakende museums buiten en behalwe nasionale museums op te stel en om die implementering daarvan te bestuur. Die Departement is verantwoordelik vir die lewering van die provinsiale Museumdiens en werk nou saam met geaffilieerde museums om hierdie museums te ondersteun.
		<p>Provinsiale kultuuraangeleenthede (met inbegrip van erfenishulpbronbestuur en geografiese name):</p> <ul style="list-style-type: none"> Die Departement voorsien Erfenis Wes-Kaap, die provinsiale erfenishulpbronne-owerheid, van personeel en ander gedeelde finansiële en administratiewe ondersteuning om sy wettige mandaat uit te voer en te administreer. Die Minister het ook sekere wetlike magte en is die aangestelde appelleringsowerheid in die wetgewing. Die Departement voorsien professionele en ander ondersteuning aan die Wes-Kaapse Komitee vir Geografiese Name om openbare oorlegpleging in die Wes-Kaap te fasiliteer rakende die standaardisering van en veranderinge aan geografiese name en om aanbevelings aan die Raad vir Suid-Afrikaanse Geografiese Name te doen. Die Departement voorsien professionele en ander ondersteuning aan hierdie Komitee

GRONDWET	ARTIKEL	REGSTREEKSE VERANTWOORDELIKHEID VAN DIE DEPARTEMENT OM NAKOMING TE VERSEKER
	Artikel 195: Basiese waardes en beginsels wat openbare administrasie beheer	Departementele beamptes is verantwoordelik vir die nakoming van die bepalings van artikel 195. Hierdie artikel gee 'n beskrywing van die demokratiese waardes en beginsels rakende openbare beamptes. Artikel 195(1)(b) vereis dat die effektiewe, ekonomiese en doeltreffende aanwending van hulpbronne bevorder moet word. Dit impliseer dat programme wat in die openbare sektor onderneem word, maksimum voordele teen die laagste moontlike koste behoort op te lewer.
	Artikel 92 en 133	Artikel 92 beklemtoon dat "lede van die Kabinet gesamentlik en afsonderlik teenoor die Parlement aanspreeklik is vir uitoefening van hulle bevoegdhede en die verrigting van hulle funksies". Artikel 133 bepaal dat hulle "die Parlement van volledige en gereelde verslae oor aangeleenthede onder hulle beheer" moet voorsien. Artikel 133 brei hierdie vorm van aanspreeklikheid na die LUR van 'n provinsie uit.
Die Grondwet van die Wes-Kaap, 1997 (Wet 1 van 1998)	Artikel 5	<p>Vir die doeleindes van die Wes-Kaapse Provinsiale Regering moet:</p> <p>(a) die amptelike tale Afrikaans, Engels en isiXhosa gebruik word; en</p> <p>(b) hierdie tale gelyke status geniet.</p> <p>Die Wes-Kaapse Regering moet sy gebruik van Afrikaans, Engels en isiXhosa deur wetgewende en ander maatreëls reguleer en monitor.</p> <p>Die Wes-Kaapse Provinsiale Regering moet ook praktiese en daadwerklike maatreëls implementeer om die status te verhoog en die gebruik te bevorder van daardie inheemse tale van die mense van die Wes-Kaap waarvan die status en gebruik histories gemarginaliseer is.</p>
	Artikel 70	<p>Provinsiale wetgewing moet voorsiening maak vir die instelling en redelike befondsing, binne die Provinsie se beskikbare middele, van 'n kultuurraad of -rade vir 'n gemeenskap of gemeenskappe in die Wes-Kaap wat 'n gemeenskaplike kultuur- en taalerfenis deel. Die Departement hou toesig oor die Wes-Kaapse Kultuurkommissie rakende die implementering van die wetgewing wat vir hierdie doel afgekondig is.</p> <p>Registrasie van en steun vir kultuurrade:</p> <ul style="list-style-type: none"> Die Wes-Kaapse Kultuurkommissie, een van die provinsiale openbare en titeite waarvoor die Departement van Kultuursake en Sport verantwoordelik is, is belas met die registrasie van en steun vir geregistreeerde kultuurrade.

GRONDWET	ARTIKEL	REGSTREEKSE VERANTWOORDELIKHEID VAN DIE DEPARTEMENT OM NAKOMING TE VERSEKER
	Artikel 81	<p>Die Wes-Kaapse Regering moet die beleid aktief aanneem en uitvoer en die welsyn van mense van die Wes-Kaap handhaaf, insluitend beleide wat daarop gemik is om die volgende te bereik:</p> <ul style="list-style-type: none"> • die bevordering van respek vir die regte van kultuur-, godsdiens- en taalge meenskappe in die Wes-Kaap. • die beskerming en bewaring van die natuurhistoriese, kultuurhistoriese, argeologiese en argitektoniese erfenis van die Wes-Kaap tot voordeel van die huidige geslag en toekomstige geslagte. <p>Die Departement moet spesifieke beleide implementeer om hierdie bepalings te ondersteun.</p>
	Artikel 82	Die rigtinggewende provinsiale beleidsbeginsels in Hoofstuk 10 (artikel 81) is nie regtens afdwingbaar nie, maar gee vir die Wes-Kaapse Regering leiding by die opstel en toepassing van wette.

4.2 Wetgewende mandate

NASIONALE WETGEWING	NOMMER EN DATUM	SLEUTELVERANTWOORDELIKHEDE WAT AAN DIE DEPARTEMENT TOEGEWYS IS
ALGEMEEN		
Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999	Wet 1 van 1999	Departementele bestuur.
Staatsdienswysigingswet, 2007	Wet 30 van 2007	Die Wet maak voorsiening vir die organisering en bestuur van die Departement, die regulering van diensvoorwaardes, ampstermyne, dissipline, aftrede en ontslag van lede van die Staatsdiens, en aangeleenthede wat daarmee verband hou.
Division of Revenue Act (DORA) (slegs in Engels beskikbaar)	<i>Nog nie gepubliseer nie</i>	Die Departement ontvang voorwaardelike toelaes ooreenkomstig DORA en is daarvoor verantwoordelik om hierdie fondse in ooreenstemming met die Wet te bestuur.
KULTUURSAKE, BIBLIOTEEK- EN ARGIEFDIENSTE		
Wet op Kulturele Instellings, 1998	Wet 119 van 1998	Die Departement moet met nasionaal verlaarde kulturele instellings rakende kunste-, kultuur- en erfenisaangeleenthede skakel en saamwerk.
Wet op Bevordering van Kultuur, 1983	Wet 35 van 1983	Hierdie wetgewing is aan die Wes-Kaap toegewys, en die Departement is verantwoordelik vir die nakoming van die bepalings van hierdie Wet.
Wet op Kultuuraangeleenthede (Volksraad), 1989	Wet 65 van 1989	Hierdie wetgewing is aan die Wes-Kaap toegewys, en die Departement is verantwoordelik vir die nakoming van die bepalings van hierdie Wet.

NASIONALE WETGEWING	NOMMER EN DATUM	SLEUTELVERANTWOORDELIKHEDE WAT AAN DIE DEPARTEMENT TOEGEWYS IS
Wet op die Nasionale Argief- en Rekorddiens van Suid-Afrika, 1996	Wet 43 van 1996	Die Departement is verantwoordelik vir die nominering van 'n Wes-Kaapse provinsiale verteenwoordiger in die Advieskomitee vir Nasionale Argiewe. Die Departement is verantwoordelik vir die nakoming van nasionale norme en standaarde soos uiteengesit ingevolge hierdie wetgewing.
Wet op die Nasionale Kunsteraad, 1997	Wet 56 van 1997	Die Departement is verantwoordelik vir die benoeming van 'n Wes-Kaapse provinsiale verteenwoordiger op die Nasionale Kunsteraad en vir samewerking met en koördinering van aktiwiteite en befondsing van die Nasionale Kunsteraad wat met die ontwikkeling van kunste en kultuur in die Wes-Kaap verband hou.
Wet op die Nasionale Erfenisraad, 1999	Wet 11 van 1999	Die Departement is verantwoordelik vir die benoeming van 'n Wes-Kaapse verteenwoordiger op die Nasionale Erfenisraad (NER) ingevolge hierdie wetgewing. Die Departement is ook verantwoordelik vir samewerking en die koördinering van aktiwiteite wat verband hou met die befondsing en projekte wat die NER in die Wes-Kaap onderneem.
Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999	Wet 25 van 1999	Die Departement verseker nakoming deur toesig te hou oor die benoeming van 'n Wes-Kaapse provinsiale verteenwoordiger, verkieslik 'n lid van die Raad van Erfenis Wes-Kaap, op die Raad van die Suid-Afrikaanse Erfenishulpbronagentskap (SAHRA). Die Departement verseker die nakoming van die bepalings van die Wet deurdat die Minister 'n Raad vir Erfenis Wes-Kaap moet aanstel, wat die Wes-Kaap se provinsiale erfenisgesag is. Die Departement is ook verantwoordelik vir skakeling en samewerking met SAHRA, Erfenis Wes-Kaap en munisipaliteite ten opsigte van die bestuur van erfenishulpbronne. Die Departement staan die Minister by in gevalle waar appèlle teen besluite van Erfenis Wes-Kaap by die Minister ingedien word.
Wet op die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad, 1995	Wet 59 van 1995 (Artikel 8(a))	Wes-Kaapse Taalkomitee, wat deur PanSAT erken word as sy provinsiale taalkomitee vir die Wes-Kaap, soos in die wetgewing vervat.
Wet op die Raad vir Suid-Afrikaanse Geografiese Name, 1998	Wet 118 van 1998	Die Departement is verantwoordelik vir die nakoming van die bepalings in die wetgewing en om 'n Wes-Kaapse provinsiale verteenwoordiger op die Raad vir Suid-Afrikaanse Geografiese Name te benoem.
Wet op die Wêrelderfeniskonvensie, 1999	Wet 49 van 1999	Die Departement is verantwoordelik vir die nakoming van die bepalings in die wetgewing en om 'n Wes-Kaapse provinsiale verteenwoordiger op die Suid-Afrikaanse Wêrelderfenisadvieskomitee aan te stel.

NASIONALE WETGEWING	NOMMER EN DATUM	SLEUTELVERANTWOORDELIKHEDE WAT AAN DIE DEPARTEMENT TOEGEWYS IS
		Die Departement is ook verantwoordelik vir die nakoming van die bepalings van die Wet en die Wêrelderfeniskonvensie rakende die benoeming van potensiële terreine op die Suid-Afrikaanse Tentatiewe Lys en die benoeming van terreine op die Suid-Afrikaanse Tentatiewe Lys by UNESCO se Wêrelderfeniskomitee.
SPORT		
Wet op Nasionale Sport en Ontspanning, 1998	Wet 110 van 1998	Hierdie wetgewing maak voorsiening vir die bevordering en ontwikkeling van sport en ontspanning en die koördinering van verhoudinge tussen die Sportkommissie, die nasionale Departement van Sport en Ontspanning, federasies en ander agentskappe. Dit maak ook voorsiening vir maatreëls wat daarop gemik is om wanbalanse in sport en ontspanning reg te stel, billikheid en demokrasie in sport en ontspanning te bevorder en voorsiening te maak vir geskilbeslegtingsmeganismes in sport en ontspanning, om sodoende die Minister te bemagtig om regulasies uit te vaardig en voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee verband hou.

PROVINSIALE WETGEWING	NOMMER EN DATUM	SLEUTELVERANTWOORDELIKHEDE WAT AAN DIE DEPARTEMENT TOEGEWYS IS
ALGEMEEN		
KULTUURSAKE, BIBLIOTEEK- EN ARGIEFDIENSTE		
Wes-Kaapse Provinsiale Talewet, 1998	Wet 13 van 1998	Die Departement hou toesig oor die Wes-Kaapse Taalkomitee en verskaf ook professionele en ander steun aan die Komitee.
Wet op Wes-Kaapse Kultuurkommissie en Kultuurrade, 1998	Wet 14 van 1998	Die Departement hou toesig oor die Wes-Kaapse Kultuurkommissie en verskaf ook professionele en ander steun aan die Kommissie.
Wes-Kaapse Erfenishulpbron- bestuursregulasies, 2002	PK 336 van 25 Oktober 2002	Die Departement hou toesig oor Erfenis Wes-Kaap, die provinsiale erfenishulpbronne-owerheid. Die Minister het die verantwoordelikheid om die owerheid tot stand te bring. Die Departement bied ook professionele en ander steun aan die Raad.
Wes-Kaapse Erfenishulpbron- bestuursregulasies, 2003	PK 298 van 29 Augustus 2003	Die Departement hou toesig oor Erfenis Wes-Kaap, die provinsiale erfenishulpbronne-owerheid. Die Minister het die verantwoordelikheid om die owerheid tot stand te bring. Die Departement bied ook professionele en ander steun aan die Raad.
Wet op die Provinsiale Argief- en Rekordsdiens van die Wes-Kaap, 2005	Wet 3 van 2005	Die Departement is verantwoordelik vir die implementering van die bepalings van hierdie Wet.
PROVINSIALE WETGEWING: SPORT		
Geen		

PROVINSIALE WETGEWING	NOMMER EN DATUM	SLEUTELVERANTWOORDELIKHEDE WAT AAN DIE DEPARTEMENT TOEGEWYS IS
PROVINSIALE ORDONNANSIES: KULTUURSAKE, BIBLIOTEEK- EN ARGIEFDIENSTE		
Ordonnansie op Museums, 1975	Ordonnansie 8 van 1975	Die Departement is verantwoordelik vir die uitvoering en nakoming van die bepalings van hierdie Ordonnansie.
Ordonnansie op Oude Kerk Volksmuseum Van 't Land van Waveren (Tulbagh), 1979	Ordonnansie 11 van 1979	Die Departement is verantwoordelik vir die uitvoering en nakoming van die bepalings van hierdie Ordonnansie.
Ordonnansie op Provinsiale Biblioteekdiens, 1981	Ordonnansie 16 van 1981	Die Departement is verantwoordelik vir die uitvoering en nakoming van die bepalings van hierdie Ordonnansie.

4.3 Beleidsmandate

BELEID	SLEUTELVERANTWOORDELIKHEDE WAT AAN DIE DEPARTEMENT TOEGEWYS IS
NASIONALE BELEID	
Nasionale Witskrif op Kunste, Kultuur en Erfenis (1996)	Die beleidsdokument wat na omvattende openbare beraadslaging-sprosesse in 1996 vrygestel is, het 'n nasionale raamwerk voorsien vir 'n gesamentlike beleid vir al nege provinsies oor kunste, kultuur en erfenis, en biblioteek- en argiefdienste.
Nasionale Taalbeleidsraamwerk (2003)	Hierdie beleid voorsien 'n nasionale raamwerk vir die toepassing van die bepalings van die Grondwet en wetgewende mandate vir alle staatsinstellings, insluitend die Departement. Dit sit ook beginsels en implementeringstrategieë uiteen.
Nasionale Rekordbestuurbeleid (Rekordbestuur- beleidshandleiding, 2007)	Die beleid reguleer die spesifieke parameters waarbinne regeringsliggame met betrekking tot die bestuur van hulle rekords moet funksioneer en hoe die Departement oor die rekordbestuur van regering-sliggame in die Wes-Kaap moet toesig hou.
Bestuur van Elektroniese Rekords van Regeringsliggame: Beleid, Beginsels en Vereistes (2006)	Die beleid bied riglyne aan regeringsliggame om hulle te help om te voldoen aan die wetgewende vereistes rakende elektroniese rekords as 'n integrale deel van rekordhulpbronne. Die Departement moet aan nasionale en internasionale standarde voldoen, waar van toepassing, met betrekking tot hardeware, sagteware en bergmediums vir argiefbewaring.
Nasionale Witskrif op Sport en Ontspanning	Die beleid gaan oor "Getting the nation to play" en fokus op die volgende: <ul style="list-style-type: none"> - om die vlakke van deelname aan sport en ontspanning te verhoog - om sport se profiel te midde van botsende prioriteite te verhoog - om die waarskynlikheid van sukses by groot geleenthede te maksimaliseer - om sport voorop te stel in pogings om misdadervlakke te verlaag. <p>Die algehele verantwoordelikheid vir die voorsiening van 'n beleid en lewering van sport en ontspanning berus by die Departement van Sport en Ontspanning.</p>

BELEID	SLEUTELVERANTWOORDELIKHEDE WAT AAN DIE DEPARTEMENT TOEGEWYS IS
Regeringswye Monitorings- en Evalueringsbeleidsraamwerk	<p>Die beleidskrif, wat na omvattende prosesse van openbare konsultasie in 1996 bekend gestel is, verskaf 'n nasionale raamwerk vir 'n gesamentlike beleid vir die nasionale en provinsiale beleid (al nege provinsies) oor kuns, kultuur en erfenis en biblioteek- en argiefdienste.</p> <p>Die doel van die Regeringswye Monitorings- en Evalueringstelsel is om tot verbeterde bestuur by te dra en om die doeltreffendheid van openbare sektor-organisasies en -instellings te verbeter. Hierdie dokument voorsien die oorkoepelende beleidsraamwerk vir monitoring en evaluering (M&E) in Suid-Afrika. Dit bepleit ook die ontwikkeling van M&E-stelsels en is ten gunste van resultaatgebaseerde bestuur.</p>
Groenskrif op Prestasiebestuurmonitoring en -evaluering	Die beleid reguleer die spesifieke parameters waarbinne regeringsliggame met betrekking tot die bestuur van hulle rekords moet funksioneer en hoe die Departement oor die rekordbestuur van regeringssluggame in die Wes-Kaap moet toesig hou.
PROVINSIALE BELEID	
Wes-Kaapse Provinsiale Biblioteekdiensbeleid	Die beleid voorsien riglyne vir strategiese beplanningsproesse en gedetailleerde funksies wat by Biblioteekdienste verrig word. Dit behels ook die bestuurstelsel vir die komponent.
Wes-Kaapse Taalbeleid (gepubliseer in die Provinsiale Koerant as PK 369/2001 van 27 November 2001)	Die Departement, net soos enige ander provinsiale departement, is verplig om die bepalinge van die beleid te implementeer. Die Departement moet ook taaldienste deur middel van 'n Sentrale Taaldiens aan die Provinsiale Regering van die Wes-Kaap lewer.
Wes-Kaapse Skoolsportbeleid (2002)	Die Departement sal groter verantwoordelikheid moet aanvaar om die groei en ontwikkeling van skoolsport te verseker.
Konsepbeleid vir die Benoeming en Herbenoeming van Geografiese Entiteite (2007)	Die konsepbeleid sit die maatstawwe uiteen wat in oorweging geneem moet word asook die prosesse wat deur die Departement en die Wes-Kaapse Komitee vir Geografiese Name, 'n raadgewende liggaam, gevolg moet word wanneer belanghebbendes en gemeenskappe geraadpleeg word oor die standaardisering van, en waar van toepassing, die hernoeming van of veranderinge aan bestaande geografiese name onder oorweging. Dit doen verder ook aanbevelings aan die Raad vir Suid-Afrikaanse Geografiese Name en die nasionale Minister van Kuns en Kultuur.
Provinsiewye Strategie vir Monitorings- en Evalueringstelsels (konsep)	Hierdie dokument dien as 'n provinsiale respons op die Regeringswye Monitorings- en Evalueringsbeleidsraamwerk. Dit is daarop gemik om uitvoerende verslagdoening te verbeter en om inkrementeel voorsiening te maak vir bewysgebaseerde besluitneming vir beleidsverfyning en hulpbrontoewysing om sodoende 'n bydrae tot verbeterde bestuur te lewer.
Konsep- Wes-Kaapse Kultuurbeleid (konsep)	In aanloop tot die nasionale kunste-, kultuur- en erfenisbeleidsoorsig is breedvoerige beraadslaging oor hierdie konsepbeleid gedoen deur 'n reeks streekswerkwinkels te hou. Nóg die nasionale beleidsoorsig nóg die Wes-Kaapse Konsep-Kultuurbeleid is egter gefinaliseer.
Konsep- Wes-Kaapse Provinsiale Museumbeleid (2012)	Die konsepbeleid voorsien 'n raamwerk vir die implementering van die grondwetlike mandaat van die Wes-Kaapse Regering ten opsigte van beleid en wetgewing in verband met museums buiten nasionale museums. Dit sit ook die grondslag vir die voorgestelde nuwe Wes-Kaapse Provinsiale Museumwetgewing uiteen.

STRATEGIEË	SLEUTELVERANTWOORDELIKHEDE WAT AAN DIE DEPARTEMENT TOEGEWYS IS
NASIONALE STRATEGIEË	
Raamwerk vir Samewerking oor die Organisering, Koördinerings en Bestuur van Skool-sport in Suid-Afrika (17 Maart 2004)	Die raamwerk beoog om hulp te verleen met die skep van 'n bevorderlike omgewing.
Mzansi se Goue Ekonomie: Die bydrae van die kuns-, kultuur- en erfenissektor tot die nuwe groeipad	Hierdie dokument is daarop gerig om vir die kuns-, kultuur- en erfenissektor leiding te gee om ons ekonomie te laat groei en werksgeleenthede te skep ter ondersteuning van die groeistrategie vir die nasionale ekonomie.
Nasionale Plan vir Sport en Ontspanning (2012-2020)	Hierdie dokument gee leiding vir die ontwikkeling van sport en ontspanning oor die volgende agt jaar.
PROVINSIALE STRATEGIEË	
Genre-ontwikkelingsstrategie	Die strategie voorsien die raamwerk vir die ontwikkeling, bevordering en bewaring van die kunsvorme in die provinsie.
Kultuurforumstrategie	Die oogmerk van hierdie strategie is om samewerking tussen die Departement en die gemeenskappe te verbeter deur kultuurforums te stig en hulle kapasiteit uit te bou.
Voorwaardelike Toelae: Biblioteekherkapitaliseringsprogram vir die uitbreiding van gemeenskapsbiblioteekdienste	Die Departement is verantwoordelik vir die suksesvolle implementering en bestuur van die voorwaardelike toelaeprojek in die Wes-Kaap.

4.4 Tersaaklike hofbeslissings

HOFSAAK	VERWYSINGSNOMMER EN HOF	IMPAK OP DIE DEPARTEMENT
Die Voorsittersvereniging vs. Minister van Kuns en Kultuur [2007] SCA 44 (RSA)	25/2006: Die Appèlhof	Hierdie uitspraak sit die parameters uiteen wat deur owerhede gebruik moet word om voldoende beraadslaging met plaaslike gemeenskappe te verseker wanneer voorgestelde veranderinge aan geografiese name oorweeg word. Die Departement en die Wes-Kaapse Komitee vir Geografiese Name wat deur die Minister ingestel is, is belangrike rolspelers by die implementering van die betrokke wetgewing, veral in die fasilitering en raadpleging van belanghebbendes en gemeenskappe. Hierdie uitspraak moet by die prosesse en prosedures wat gevolg word, in aanmerking geneem word.
Qualidental Laboratories (Edms) Bpk [2008] ZASCA 170	ZASCA 170 (SA)	Die uitspraak bevestig die magte wat aan die Minister van Kultuursake en Erfenis Wes-Kaap, die provinsiale erfenishulpbronne-owerheid, verleen is om voorwaardes op te lê ingevolge artikel 48 van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999, oor 'n ontwikkeling ten einde aan sy wetgewende mandaat ingevolge die bepalings van die Wet te voldoen.
Top Performers (Edms) Bpk	Hooggeregshof (aanhaling)	Die uitspraak het 'n groot impak gehad op die apèlprosesse wat aanvaar is deur die tribunale wat deur die Minister ingevolge artikel 49 van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999, saamgelees met Regulasie 12 van PK 336 van 2003, aangestel is. Die hofuitspraak het die Departement en die Minister in staat gestel om korrektiewe stappe te implementeer rakende regverdigde administratiewe prosesse, die aanvaarding van nuwe bewyse in die rekord van die tribunale en voldoening aan die reëls van natuurlike geregtigheid ten opsigte van die <i>audi alteram partem</i> -grondbeginsel.

HOFSAAK	VERWYSINGSNOMMER EN HOF	IMPAK OP DIE DEPARTEMENT
Willows Eiendomme (Edms) Bpk vs. Minister van Kultuursake en Sport	Saaknommer 13521/08: Hooggeregshof van Suid-Afrika, Kaap van Goeie Hoop, Provinsiale Afdeling	Die aansoeker het 'n dringende aansoek by die Hooggeregshof ingedien ten einde die Minister te dwing om 'n besluit te neem, of anders om die Besluit (rekord van besluitneming) uit te reik ten opsigte van 'n appèl wat ingedien is by die Minister ingevolge artikel 49 van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999, saamgelees met regulasie 12(7) van PK 336 van 2003. Die impak wat die besluit op die Departement sou gehad het, is dat lede van die tribunaal sou moes hou by die tydsbestek vir die uitreik van Rekords van Besluitneming. Regstellende stappe is geïmplementeer.
Waenhuiskrans Arniston Belastingbetalersvereniging en Erfenis Wes-Kaap vs. Verreweide Eiensontwikkeling (Edms) Bpk, Kaap Agulhas Munisipaliteit en die Registrateur van Aktes, 22 April 2008	1926/2008: Hooggeregshof van Suid-Afrika, Kaap van Goeie Hoop, Provinsiale Afdeling	Die uitspraak het te doen gehad met die jurisdiksie van die Suid-Afrikaanse Erfenishulpbronnagentskap (SAHRA) in verhouding tot dié van Erfenis Wes-Kaap oor persele wat deur SAHRA as Graad 1-persele verklaar is en het verband gehou met 'n gebied waarvoor aansoek verlang is ingevolge artikel 35 en 36 van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999. Die hof het bevind dat SAHRA in sulke gevalle jurisdiksie het. Die implikasie vir die Departement is dat Erfenis Wes-Kaap moet help om seker te maak dat regsadvies aan Erfenis Wes-Kaap verskaf word om die wetgewing te interpreteer en om seker te maak dat Erfenis Wes-Kaap binne sy regsmandaat optree.
Cornelus Johannes Alexander Lourens vs. die President van Suid-Afrika, die Minister van Kuns en Kultuur, die Minister van Justisie en Grondwetlike Ontwikkeling en die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad	Saaknommer 49807/09 Hooggeregshof van Suid-Afrika (Noord-Gauteng, Pretoria)	Die nasionale Minister het opdrag ontvang van die Hooggeregshof om, binne twee jaar na die datum van die uitspraak (16 Maart 2010), wetgewende en ander maatreëls in te stel om die gebruik van amp telike tale deur sowel die nasionale as die provinsiale regering te reguleer en te monitor of om toe te sien dat die uitspraak uitgevoer word. Die impak vir die Departement is dat die Departement van Kultuursake en die Wes-Kaapse Taalkomitee geraadpleeg sal moet word as deel van die betrek van belanghebbendes om voorsiening te maak vir die grondwetlike bepalinge in artikel 6(4) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, en as die verantwoordelike departement in die Wes-Kaap, om die bepalinge van die beoogde nuwe wetgewing te implementeer.

4.5 Beplande beleidsinisiatiewe

As deel of die vyfjaar- Strategiese Plan word die beleidsinisiatiewe hieronder vir die boekjaar 2012/13 beplan:

BEPLANDE BELEIDSINISIATIEWE	TYDSRAAMWERK
Hersiening van die bestuur van kultuurfasiliteite wat onder toesig van die Wes-Kaapse Kultuurkommissie is	2012-2013
Departementele Moniterings- en Evalueringsraamwerk	Voltooi in 2011
Departementele Befondsingsbeleid vir Sport, Kuns en Kultuur	Lopend
Departementele Beleid oor die Bestuur van Prestasie-inligting	Lopend
Ontwikkeling van 'n Departementele Kommunikasiebeleid	2012-2013
Implementering van Biblioteekprotokol met Stad Kaapstad	2012-2013

5. Opedateerde situasie-ontleding

Die strategiese doelwitte van die Wes-Kaapse Regering word deur die Departement ondersteun, veral om 'n inklusiewe Wes-Kaapse gemeenskap te bou en armoede te bekamp deur geleenthede te skep vir almal om te verenig en ten volle aan die breë samelewing deel te neem. In hierdie opsig bied die Departement van Kultuursake en Sport en sy strategiese vennote verskeie geleenthede vir gemeenskappe en individue. Die Departement sal voortgaan om 'n stewige fasiliterings-, implementerings-, steun- en regulerende platform daar te stel in sy strewe om by sy visie te hou.

Die Departement het 31 statutêre liggame wat sy strategiese vennote is by die uitvoer van die grondwetlike en wetgewende mandate ten opsigte van die kunste, kultuur, taal, geografiese name, erfenishulpbronne en museums. Die Departement sal voortgaan om hierdie inrigtings van die nodige steun te voorsien ten einde hulle in staat te stel om op hulle mandate te fokus en te verseker dat hulle op strategiese en ontwikkelende wyse handel in hulle rol om binne hulle bepaalde verantwoordelikeadvies aan die Minister te verskaf.

Die samewerking met die nasionale departemente wat vir Kuns en Kultuur en Sport en Ontspanning verantwoordelik is, asook as met plaaslike en distriksmunisipaliteite in die Wes-Kaap, verseker die naatlose implementering van nasionale, provinsiale en plaaslike wetgewing, beleide en strategieë.

Die Departement se mandaat vereis dikwels dat ander lyndepartemente van die Wes-Kaapse regering betrek moet word. Ten einde integrasie van provinsiale ondernemings te verseker, werk die Departement in die besonder saam met die volgende departemente: Departement van die Premier; Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme (Kulturele en Sporttoerisme, Ontwikkeling van die Kunste en Kultuur); Departement van Gemeenskapsveiligheid (programme vir Sport teen Misdaad); Departement van Maatskaplike Ontwikkeling (Jeugprogramme); Departement van Landbou (Sportontwikkelingsprogramme vir Plaaswerkers), en die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (Skoolsport en Erfenisonderwys).

Hoewel die Departement 'n aantal skynbaar uiteenlopende afdelings asook 'n aantal voorwaardelike toelaes en openbare entiteite het, is dit ook hoogs afhanklik van munisipaliteite vir sy bedrywighede. Vir die MTUR vir 2012/13-2014/15 sal die strategiese teikenpogings dus hergekonfigureer word om maksimum impak te verkry en integrasie soos volg te verseker:

- Alle programme en subprogramme sal aangedryf word deur, en befonds word ooreenkomstig, dieselfde stel bestuursbeginsels, naamlik:
 - o Planne om talent (of uitnemendheid, in die geval van byvoorbeeld museums en argiewe) volgens volhoubare beginsels te ontwikkel.
 - o Planne vir popularisering, terwyl daar toegesien word dat die planne op volhoubare bedryfsmodelle gebou word.
 - o Vaardigheidsontwikkelingsprogramme, bv. vir afrigters en praktisyns.
 - o Aktiewe ontwikkeling van vennootskappe/mentorskappe.
- Die Departement sal voortgaan om verbeterde dienslewering in die konteks van goeie bestuur te verseker.
- Die sosio-ekonomiese bewysgegronde saak vir sport en kultuur sal aangevul word in die jaar wat deur hierdie Jaarlikse Prestasieplan (JPP) gedek word. Hulpbronne sal ook toegewys word aan navorsing, dataversameling en bewysinsameling tydens die oorsigjaar, met die sportkomponent van die Departement as eerste prioriteit. Die Departement sal voortgaan om sy besigheid te belyn met die verskillende nasionale en provinsiale strategiese beleidsrigtings soos die Groenskrif oor Prestasiemonitering en -evaluasie, riglyne oor die ontwikkeling van die M&E-raamwerk en die Wes-Kaapse Provinsiale "dashboard"-inisiatief.

5.1 Prestasieleweringsomgewing

Kultuursake

Die Departement het in 2011/12 begin met die implementering van projekte wat sinvolle werkseleenthede sou skep vir begunstigdes van fondse vir 'n Uitgebreide Openbare Werke-program (UOWP). Tien UOWP-projekte is van stapel gestuur, wat wissel van die vervaardiging van artikels uit herwinbare materiaal; kuns- en geleentheidsbestuur; vervaardiging van inheemse musiekinstrumente en leer om dit te bespeel; instandhouding van inisiasiepersele en museums; ouditering en die digitale vaslegging van museumversamelings, erfenis- en argiefrekords, en die verlening van hulp om kultuur- en erfenistoerisme by museums met min hulpbronne uit te brei. In vennootskap met die Departement van Gesondheid is 'n gemeenskapstolkprojek by vyf hospitale in die Kaapstad-omgewing van stapel gestuur.

Kuns en Kultuur

'n Nasionale spitsberaad is in April 2011 gehou waar 'n konsepstrategie, Mzani se Goue Ekonomie: Die bydrae van die kuns-, kultuur- en erfenissektor tot die nuwe groeipad, aanvaar is. Die doel van die strategie was om die kuns-, kultuur- en erfenissektor te herposisioneer om sy regmatige plek in te neem om 'n maatskaplik inklusiewe gemeenskap te bou en by te dra tot ekonomiese groei en werkskepping. Om dit te ondersteun, identifiseer die onlangse Nywerheidsbeleidsaksieplan 2, wat die nuwe groeipad steun, die kultuurbedrywe, in besonder die handwerksektor, musiek en die produksie van juweliersware, klerasie, leerartikels, skoeisel en tekstielware, as van die sektore wat aan gefokusde en beduidende intervensies deur die staat onderworpe sal wees.

Gedetailleerde voorstelle sluit strategieë in vir die identifisering, afbakening en bevordering van kultuurdistrikte, openbare kunsprogramme en vaardigheidsontwikkeling in kreatiewe bedrywe. Hierbenewens het Kunstekaap in 2011 in oorleg met die Departement opdrag gegee vir 'n ekonomiese impakassesseringstudie van Kunstekaap en die verwante kunsmaatskappye wat die Kunstekaap Teaterkompleks gebruik. Hierdie kunsmaatskappye sluit die Kaapstadse Balletgeselskap, die Kaapse Filharmoniese Orkes, die Jazzart Dansgeselskap, die Kaapstadse Opera, Siyasanga en Zip Zap Sirkus in. Die studie het aangedui dat 283 272 besoekers gedurende 2010/11 optredes en geleenthede by die teaterkompleks bygewoon het. Gedurende dieselfde jaar was altesaam 916 persone in diens van die kunsmaatskappye en Kunstekaap, waarvan 351 voltydse werknemers en 51 deeltydse werknemers was, en daar was 515 tydelike werkseleenthede. Die studie het aangedui dat Kunstekaap en die kunsmaatskappye in 2010/11 R440 miljoen tot die land se BBP bygedra het. Die Departement se bydrae tot hierdie kunstemaatskappye vir die bevordering van die kunste was R1.63 miljoen, met R135 000 wat aan Kunstekaap betaal is vir die daaglikse instandhouding van die perseel vir die jaar. Op grond van die beweging in die rigting van werkskepping binne die domein van kuns en kultuur, beoog die Departement om 68 werkseleenthede in die kuns- en kultuursektor te skep. Benewens die skep van werkseleenthede, sal hierdie inisiatief ook mense se lewensgehalte verbeter.

Gedurende 2011/12 was daar 'n merkbare styging in die subsidie-aansoeke wat die Departement van kuns- en kultuurorganisasies in die Wes-Kaap ontvang het. Die totale befondsing wat deur dié sektor aangevra is, het R123.082 miljoen beloop. Dit is duidelik dat die vraag na finansiële bystand binne die kunstesektor tans meer is as die hulpbronne wat van regeringskant beskikbaar is. Hoewel befondsing vir die sektor deur die jare toegeneem het (kyk tabel 5.1), is die vraag baie groter as die aanbod.

Tabel 5.1: Ontleding van befondsingstatistiek vir die afgelope drie jaar

AANSOEKE VIR FINANSIËLE BYSTAND IN KUNS EN KULTUUR OOR DRIE JAAR ONTVANG				
	2008/09	2009/10	2010/11	2011/12
Totale getal aansoeke ontvang	198	225	208	265
Getal subsidies deur die Departement toegeken	78	82	77	66
TOTALE BEDRAG SUBSIDIES TOEGEKEN	R6.708m	R6.728m	R6.262m	R10.610m

Die daling in belegging deur die privaat sektor in die kunste het kreatiewe vennootskappe tussen staatsdepartemente, praktisyns en organisasies wat by die kunste betrokke is, aangemoedig. Gevolglik was daar pogings tot groter samewerking tussen strukture binne die sektor. Dit is lewensvatbaar in gebiede en gemeenskappe met goeie hulpbronne, maar bly 'n uitdaging in die landelike gebiede.

Die Departement het in 2007/08 opdrag gegee dat 'n Genre-ontwikkelingstrategie toegepas moes word en het dit gebruik as die basis vir die aktiwiteite en programme. Om die sukses en uitdagings te evalueer, sal daar in 2012 opdrag gegee word dat dit hersien moet word.

Museumdienste

Openbare kommentaar oor die konsepbesprekingsdokument getiteld: *Draft Discussion Paper: Towards a New Western Cape Provincial Museum Policy* het insette van 'n verskeidenheid belanghebbendes opgelewer. Die sleutelbevindinge van die konsepbesprekingsdokumente het die volgende ingesluit:

- In die voorgestelde wetgewing moet daar voorsiening gemaak word vir 'n nuwe reeks affiliasies van museums buiten nasionale museums in die Wes-Kaap ten einde aandag te gee aan die grondwetlike mandaat wat uiteengesit is in Bylae 5 Deel A van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996.
- 'n Nuwe befondsingsmodel behoort ontwikkel te word, aangesien die huidige befondsingsmodel verouderd en onvoldoende is.
- Daar bestaan 'n behoefte om oorweging te skenk aan rasionalisering en toegang tot geaffilieerde museums. Dit sou 'n impak kon hê op die status van bestaande provinsiale, provinsie-ondersteunde en plaaslike museums sodra die voorgestelde nuwe kategorieë vir museums goedgekeur is.
- Daar behoort meer doeltreffende, bevoegde en ekonomiese dienste verskaf te word.
- Sekere bestaande beleide moet hersien word, en nuwe beleide moet ten opsigte van museumverwante kwessies ontwikkel word.
- Daar moet aandag gegee word aan die behoefte aan 'n museum vir die uitbeelding van die geskiedenis van Kaapstad en omstreke.
- Kapasiteitsbeperkings en die gebrek aan beskikbare gevorderde opleidingsgeleenthede hou 'n bedreiging in vir museums en hulle versamelings.
- Daar bestaan 'n dringende behoefte aan 'n verkrygingsfonds vir die aankoop van versamelings, voorwerpe en artefakte vir die transformasie en aanvulling van museumversamelings.

- Die toegangsgeldbepaling in die wetgewing moet hersien word om voorsiening te maak vir 'n progressiewe toegangsgeldbeleid, met inbegrip van konsessie-toelatings.
- Daar bestaan 'n behoefte om museums as plekke van herinnering ten opsigte van vorige, huidige en toekomstige geslagte te bemark, wat ook beduidend sal bydra tot maatskaplike samehorigheid.

Die Konsep-Museumbeleid is op 16 Februarie 2012 in die drie amptelike tale van die Wes-Kaap vrygestel vir kommentaar deur die publiek.

Geaffilieerde museums wat hulp van die provinsie ontvang, ervaar nog ernstige uitdagings ten opsigte van die skerp styging in die fooie van die Ouditeur-Generaal en om te voldoen aan die vereistes van die Wet op Openbare Oudit. Dit is duidelik dat die subsidies en hulptoelaes wat die Departement tans aan geaffilieerde museums beskikbaar stel, onvoldoende is en dat 'n nuwe benadering tot die oudit van geaffilieerde museums beskou moet word in die lig van die bepalings van die betrokke wetgewing. Verder het die Ouditeur-Generaal in 'n aantal gevalle gesê dat die vermoë en kapasiteit van die personeel wat in diens van die Departement is, nie voldoende is om die aansienlike hoeveelheid verantwoordelikhede in verband met finansiële state en strategiese bestuur te hanteer nie.

Die opvoedkundige programme wat by geaffilieerde museums aangebied word, word ontwerp binne die konteks van die aanbod van komplementêre inhoud vir die formele leer in skole en unieke ervarings wat nie in die klaskamer gedupliseer kan word nie.

Met die doel om by te dra tot die transformasie van die erfenislandskap in die Wes-Kaap, word 'n aantal nuwe museumuitstallings beplan. Om aandag te skenk aan die behoeftes van plaaslike burgers en internasionale besoekers, en die regering se strategieë te ondersteun, verskaf die bemarkingstoerismegroei-strategie vir 2008–2010, in 2008 deur Suid-Afrikaanse Toerisme van stapel gestuur, heelwat relevante inligting, gegewe die rol wat geaffilieerde museums in die Wes-Kaap in die ontwikkeling van plaaslike toerisme speel. Suid-Afrikaanse Toerisme het gesê dat die koördinasie selfs meer uitdagend is omdat die toerismebedryfs-groepering uit 'n groot aantal rolspelers bestaan. Ooreenkomstig sy strategie vorm kultuurgeriewe, kunste en handwerk, museums en sportgeleenthede almal belangrike aantreklikhede vir die verbruiker.

Erfenisdienste (Erfenishulpbronbestuur en Geografiese Name)

Die vraag na die dienste wat in terme van erfenishulpbronbestuur deur Erfenis Wes-Kaap gelewer word, neem steeds toe. Die Departement verskaf die professionele en ander steun wat deur Erfenis Wes-Kaap verlang word om sy wettige mandaat uit te voer deur personeel in die komponent Erfenishulpbronbestuur aan te stel. Deur die loop van die 2010/11-boekjaar het personeel 1 646 aansoeke namens Erfenis Wes-Kaap verwerk en in die eerste kwartaal van die 2011/12-jaar het die gemiddelde koste vir die verwerking van aansoeke ±R3 500 per aansoek beloop.

Die vooruitsig vir die afwenteling van magte na die Stad Kaapstad, wat voor die einde van die boekjaar of vroeg in die nuwe boekjaar behoort plaas te vind, sal belangrike implikasies hê vir diegene wat in die subdirektoraat Erfenishulpbronbestuur werk aangesien 85% van die aansoeke wat in 2010 ontvang is, van toepassing was op gebiede binne die grense van die Stad. Hoewel verantwoordelikheid vir Graad II-terreine (verklaarde provinsiale erfenisterreine) in Kaapstad behou sal word en meer artikel 38-aansoeke vir die hersiening van erfenisimpakassesserings, wat gewoonlik meer kompleks is om te verwerk, buite Kaapstad as binne die grense van die stad ontstaan, sal dit interessant wees om die verskuiwing van die werkslas en fokus van die subdirektoraat te assesser.

Die hersiening, verifiëring en voorgestelde standaardisering van geografiese name in die Wes-Kaap duur voort. Geografiese name moet nagevors en geverifieer word voordat hulle vir aanvaarding aan die Raad vir Suid-Afrikaanse Geografiese Name voorgelê word. Hulle moet dan aan die nasionale Minister van Kuns en Kultuur voorgelê word vir goedkeuring ten einde die Hoofdirektoraat: Georuimtelike Dienste van die Departement van Landelike Ontwikkeling en Grondhervorming in staat te stel om amptelike landkaarte en ander georuimtelike inligting op datum te bring.

Taaldiens

Ingevolge die bepalings van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, en die Grondwet van die Wes-Kaap, 1997, moet die Wes-Kaapse regering deur middel van wetgewende en ander maatreëls die gebruik van sy amptelike tale, d.w.s. Afrikaans, isiXhosa en Engels, reguleer en moniteer. Hierdie tale geniet gelyke status. Voorts moet praktiese en positiwe maatreëls ingestel word om die gebruik van daardie inheemse tale van die mense van die Wes-Kaap waarvan die status en gebruik histories verminder is, te verhef en te bevorder.

In 1996 het Statistiek Suid-Afrika vir die eerste keer verslag gedoen oor die demografiese profiel van die 11 amptelike tale. Hierdie profiel het die afgelope jare verander en die nasionale sensus van 2011 sal die jongste statistiek oor moedertaalsprekers aan die einde van 2012 verskaf.

Tabel 5.2: 'n Ontleding van moedertaalsprekers in die Wes-Kaap

MOEDERTAALSPREKERS IN DIE WES-KAAP		
TAAL	1996 SENSUS %	2001 SENSUS %
Afrikaans	58.4	55.3
isiXhosa	18.9	23.7
Engels	20.1	19.3
Ander	2.6	1.7

Sedert die promulgering van die Wes-Kaapse Provinsiale Talewet, 1998, en die goedkeuring van die Wes-Kaapse Taalbeleid deur die Provinsiale Kabinet in 2005, het die Departement die taak gehad om die bepalings van die beleid te implementeer. 'n Aantal oudits is in die provinsiale departemente en munisipaliteite in die Wes-Kaap uitgevoer om die implementering van die beleid te moniteer.

Die Gemeenskapsopname van 2007 verskaf inligting oor die getal individue met 'n gehoorgestremde wat dienste in Suid-Afrikaanse Gebaretaal sou verlang. Die opname het aangedui dat daar 14 605 gehoorgestremde persone in die provinsie was. Dit het 'n verdere verpligting op die Departement geplaas om seker te maak dat sulke individue deur middel van Gebaretaal toegang het tot dienste. In reaksie op die uitkoms van die opname het die Departement 'n aantal programme geïmplementeer. Op 16 Julie 2010 is 'n seminarie gehou met verteenwoordigers van die Nasionale Instituut vir Dowes, die Federasie vir Dowes Wes-Kaap, Sign Language Education and Development, die Dowe gemeenskap van Kaapstad, die Nasionale Parlement, die Provinsiale Wetgewer, skole vir Dowes, die Provinsiale Taalforum, die Wes-Kaapse Taalkomitee en die meeste departemente van die provinsiale regering. Dit, en ander konsultasies, het daartoe gelei dat verskeie klubs vir kommunikasie in gebaretaal gevorm is. Die Departement van die Premier neem verantwoordelikheid vir personeel met gehoorverlies of gestremdhede.

'n Omvattende M&E-oorsig (Monitoring en Evaluering) oor die implementering van die Taalbeleid in alle provinsiale departemente wat deur Ernst & Young gedoen is, het daartoe gelei dat 'n colloquium in Februarie 2010 gehou is om bewustheid van die belangrikheid van meer-taligheid en taal te verhoog. Hierdie gebeurtenis is deur senior bestuurslede van die verskillende provinsiale departemente bygewoon. Dit het aanleiding gegee tot interaksie met die meeste van die departemente waar die topbestuur weer bewus gemaak is van hoe belangrik dit is om die Provinsiale Taalbeleid te implementeer. Die bewusmakingsprogramme en die implementering van die Wes-Kaapse Provinsiale Taalbeleid sal voortgaan en word deur die Departement onderneem terwyl die Wes-Kaapse Taalkomitee toesig hou daaroor.

Biblioteekdienste

Die lewering van openbare biblioteekdienste in vennootskap met munisipaliteite duur voort. Die verskaffing van befondsing vir B3-munisipaliteite om die befondsing van openbare biblioteke te hanteer – waarna algemeen verwys word as die onbefondsde mandaat – dui die begin van 'n nuwe era vir Biblioteekdienste aan. Hierdie befondsing sal bydra tot die uitbreiding van biblioteekdienste in die armer gebiede en sal die sosio-ekonomiese toestande van mense wat in daardie gebiede bly, verbeter.

Die vraag na dienste en die behoefte aan nuwe biblioteekfasiliteite, asook die opgradering van bestaande biblioteekgeboue, word weerspieël deur 'n toename in die getal versoeke van munisipaliteite om bystand te verleen met kapitaalprojekte en om dit te befonds. Daar is duidelik 'n groot behoefte en dit is dan ook tydens indabas oor die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) deur verskeie munisipaliteite geopper.

Die veranderinge in die rekeningkundige raamwerk ten opsigte van die bestuur van biblioteekmateriaal as bates, wat in die 2011/12-boekjaar bekendgestel is, het gelei tot veranderinge in ons prestasie-omgewing. Dit het die opstel van 'n beleid oor die bestuur van biblioteekboeke as bates genoodsaak. Dit het ook vereis dat daar binne maande 'n voorraadopname van meer as 6 miljoen items by 354 plekke gedoen moes word. Veranderinge moes aan die Standard Chart of Accounts (SCOA) items aangebring word.

Die provinsiale biblioteekdiens het die gerekenariseerde biblioteekbestuursfunksies van CPALS na SLIMS (SITA Library Information Management System aangedryf deur Brocade), 'n nuwe webgebaseerde platform, oorgeskakel. Hierbenewens het Biblioteekdienste munisipaliteite gehelp met die implementering van SLIMS by openbare biblioteke. Dit sal in die 2012/13-boekjaar voortgaan.

Die wysigings in die diensstaat van die distriksmunisipaliteite, soos gepubliseer in die Provinsiale Koerant in Februarie 2011, het beteken dat die getal munisipaliteite wat direk deur Biblioteekdienste bedien word, van 28 na 25 verminder het. Biblioteke wat onder die Sentraal-Karoo, Eden en Weskus Distriksmunisipaliteite val, is onderskeidelik na Beaufort-Wes, George, Matzikama en Cederberg Plaaslike Munisipaliteite oorgedra.

Die implementering van die Voorwaardelike Toelae vir Gemeenskapsbiblioteke sal in 2012/13 voortgaan, met die nuwe provinsiale besigheidsplan wat belyn sal word met die raamwerk vir voorwaardelike toelaes. Die doel van die toelae is om gemeenskappe in staat te stel om toegang te kry tot kennis en inligting wat hulle sosio-ekonomiese status sal verbeter.

Die voorsiening van infrastruktuur vir Inligtings- en Kommunikasietegnologie (IKT) en internettoegang sal in 2012/13 voortgaan.

Argiewe

Die regulerende taak om seker te maak dat doeltreffende en effektiewe rekordbestuursdienste deur die Wes-Kaapse regeringsliggame gelewer word, bly 'n belangrike funksie van die Argief- en Rekordsdienste. Rekordsbestuurders en personeel wat by hierdie instansies werk, ontvang gereeld opleiding. Al die liasseerstelsels wat deur regeringsliggame gebruik word, moet deur die Diens goedgekeur word.

Die Wes-Kaapse Argief- en Rekordsdiens het die oudste rekords in die land, wat vanaf 1651 dateer. As gevolg van gereelde gebruik deur die jare en die veroudering van die materiale, verg baie van hierdie rekords herstelwerk en bewaring om hulle voortbestaan te verseker. 'n Strategie om die langtermynbewaring van die rekords te verseker, sal vereis dat hulle digitaal vasgelê word sodat digitale plaasvervangers in plaas van die brose oorspronklikes geraadpleeg kan word. Daar sal ondersoek ingestel word na die verkryging van 'n digitale oorspronklike skandeerder om die verskaffing van kopieë/plaasvervangers aan die publiek moontlik te maak en om die rekords te bewaar deur onnodige hantering uit te skakel.

Om vordering ten opsigte van die digitale vaslegging van argiefrekords te fasiliteer, sal die Wes-Kaapse Argief- en Rekordsdiens voortgaan om saam te werk met die Genealogical Society of Utah, VSA, oor die digitale vaslegging van argiefrekords.

Die Wes-Kaapse Argief- en Rekordsdiens het 'n samewerkingsooreenkoms aangegaan met die Nasionaal Archief in Den Haag in Nederland. Hierdie projek, bekend as die Gesamenlike Kultuurerfenisprojek, is 'n vennootskap wat bedoel is om bystand te verleen met die befondsing en uitruil van kundigheid vir die bewaring van die argiefrekords ten opsigte van die tydperk van die Vereenigde Oostindische Compagnie (VOC) (1651-1795).

Die Subdirektoraat Argiewe het begin met take ten opsigte van e-liassering saam met die Departement van die Premier. Dit is uiters noodsaaklik dat die Wes-Kaapse Argief- en Rekordsdiens, as die toesighoudende liggaam vir rekordsbestuur in die provinsie, e-liassering in die instansie moet bekendstel. Dit sal hulle in staat stel om e-rekords in ander departemente te bestuur.

Sport en Rekreasie

Die Hoofdirektoraat: Sport en Rekreasie, met sy vier subprogramme, naamlik Bestuur, Sport, Rekreasie en Skoolsport, het sy mandaat op 'n geïntegreerde wyse nagekom. Dit dek gebiede soos sport vir skoolgaande leerders, gemeenskapsgebaseerde sport, jeug en hoëprestasiegebaseerde sport, groot byeenkomste sowel as die opgradering en ontwikkeling van fasiliteite. Hierdie geïntegreerde implementeringsplan behels verskeie vlakke van lewering, naamlik rekreasie, massadeelnamesport, kompetisiegebaseerde sport en hoëprestasiesport. Aktiwiteite soos intraskoolsportdeelname, buitekurrikulumsportdeelname, skoolgemeenskapsfeeste, skoolsportkodeligas, interstreeks- en interprovinsiale kompetisies, die Wes-Kaapse Sportskool, gemeenskapsgebaseerde deelname aan sport en rekreasie, klubligas, klubakademies, klubontwikkeling, akademie-opleidingkampe, interprovinsiale akademies, nalatenskapprojekte en programme, sowel as transformasie- en dispuutoplossingsinisiatiewe en -implementering-strategieë spruit hieruit voort. Die Departement beskou die rol van sportfederasies en sportrade as krities vir die ontwikkeling en groei van sport. Ander faktore wat 'n invloed het op die prestasie-omgewing, sluit verklarings van die Nasionale Sportindaba sowel as die ontwikkeling en uitbreiding van die MOD-sentrumkonsep in.

5.2 Organisasoriese omgewing

Die organisatoriese hersiening van die Departement se mikrostruktuur is tans aan die gang.


Die hersiening het ingesluit dat 'n nuwe Direkoraat: Strategiese en Operasionele Bestuursondersteuning ingestel is, wat op die volgende gebiede fokus:

- verskaffing van tegniese steun ten opsigte van departementele strategiese en besighheidsbeplanningsprosesse
- bevordering en fasilitering van departementele prestasie, monitering, evaluasie, hersiening en verslagdoening
- optimalisering van verhoudings met sleutelkliënte/belanghebbendes
- versekering van die lewering van mensekapitaal, korporatiewe versekering en regs- en steundienste aan die Departement deur middel van die gedeelde dienssentrum.

Hierbenewens word 'n nuwe Direkoraat: Argief- en Rekordsbestuursdienste in die nuwe struktuur voorgestel. Gegewe die huidige begroting is dit onwaarskynlik dat die Departement in staat sal wees om al die nuwe goedgekeurde poste te befonds nadat die mikrostruktuur vir die 2012/13-boekjaar goedgekeur is.

As deel van die voorgestelde mikrostruktuur is 'n nuwe eenheid genaamd Munisipale Vervangingsbefondsing by Biblioteekdienste gevoeg en die aanstelling van personeel het in 2011/12 begin.

Figuur 5.1: Organisasoriese struktuur



Nota: Die Pos van Direkteur: Argief- en Rekordsbestuursdienste word tans nog gefinaliseer.

Tabel 5.3: Getal werknemers en vakante poste

PROGRAMME	TOTALE POSTE	VAKANTE POSTE
Administrasie	89	12
Kultuursake	371	29
Biblioteek- en Argiefdienste	208	38
Sport en Rekreasie (permanent en kontrak)	67	4
Sport en Rekreasie (abnormale poste)	537*	0
Totaal	1 272	83

* Hierdie poste is nie deel van die vaste diensstaat (koste van werknemers) nie, maar is bykomend tot die diensstaat en word onder goedere en dienste (honoraria) befonds.

6. Hersiening van wetgewende en ander mandate

Die Departement het met die hersiening van die verouderde Museumordonnansies begin. Daar word beplan om die nuwe Wetsontwerp in die 2012/13-boekjaar in die Provinsiale Parlement ter tafel te lê, afhangend van die uitkoms van die konsultasieprosesse. Die nuwe provinsiale museumwetgewing kan 'n invloed hê op 'n aantal bestaande geaffilieerde museums en sal ook omvattende konsultasie met individuele belanghebbendes en rolspelers vereis, nie net met die huidige geaffilieerde museums nie.

Die Raad van Erfenis Wes-Kaap het konsepregulasies in verband met die reëls vir orde en optrede tydens vergaderings van Erfenis Wes-Kaap goedgekeur en beoog om in die loop van die komende jaar regulasies op te stel om aspekte van artikel 38 van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999, duidelik te maak.

7. Oorsig van 2012-begroting en MTUR-ramings

7.1 Uitgaweramings

Tabel 7.1: Departement van Kultuursake en Sport

Program		Geouditeerde uitkomste			Hoof-aanwending	Aangepaste aanwending	Mediumtermyn-uitgaweraming		
R duisend		2008/09	2009/10	2010/11	2011/12		2012/13	2013/14	2014/15
1.	Administrasie ^a	33 386	41 692	37 008	39 566	39 455	43 358	44 516	47 088
2.	Kultuursake ^b	56 265	58 672	59 533	70 869	74 896	82 930	81 393	85 695
3.	Biblioteek- en Argiefdienste ^c	105 048	115 795	118 960	122 945	157 130	179 638	193 354	214 646
4.	Sport en Rekreasie ^d	305 271	85 571	78 522	79 778	80 999	84 835	91 079	96 272
Totaal		499 970	301 730	294 023	313 158	352 480	390 761	410 342	443 701

^a LUR se totale vergoedingspakket: R1 566 089 met ingang 1 April 2011.

^b Uitgebreide Openbare Werke-programtoelae vir Provinsies vir Infrastruktuuraansporings: 2012/13: 4 000 000 (Nasionale voorwaardelike toelae: R1 000 000 en Provinsiale Billike Aandeel: R3 000 000).

^c Nasionale voorwaardelike toelae: Voorwaardelike Toelae vir Gemeenskapsbiblioteke: R56 129 000 (2012/13), R60 210 000 (2013/14) en R72 828 000 (2014/15).

^d Nasionale voorwaardelike toelae: Massadeelname- en Sportontwikkelingstoelae: R44 644 000 (2012/13), R47 301 000 (2013/14) en R49 966 000 (2014/15)

Ekonomiese klassifikasie

Lopende betalings	226 994	229 614	217 515	240 939	240 226	261 139	271 719	296 886
Vergoeding van werknemers	100 106	111 298	118 190	133 691	130 199	140 911	149 960	158 735
Goedere en dienste	126 888	118 316	99 325	107 248	110 027	120 228	121 759	138 151
Rente en huur op grond	-	-	-	-	-	-	-	-
Finansiële transaksies in bates en laste	55	186	171	-	31	-	-	-
Oordragte en subsidies aan:	268 630	66 247	72 580	70 042	108 873	126 632	135 874	143 916
Provinsies en munisipaliteite	242 853	35 452	45 405	43 198	74 466	93 221	101 484	107 660
Departementele agentskappe en rekenings	2 100	2 263	785	1 972	2 022	1 992	2 148	2 256
Universiteite en teknikons	-	-	-	-	-	-	-	-
Openbare korporasies en private ondernemings	-	-	-	-	-	-	-	-
Buitelandse regerings en internasionale organisasies	-	-	-	-	-	-	-	-
Instellings sonder winsoogmerk	23 423	27 021	25 359	24 852	32 047	31 343	32 232	33 990
Huishoudings	254	1 511	1 031	20	338	76	10	10

Betalings vir kapitaalbate	4 291	5 683	3 713	2 177	3 350	2 990	2 749	2 899
Geboue en ander vaste strukture	-	-	-	-	-	60	62	65
Masjinerie en toerusting	4 291	5 663	3 713	2 177	3 350	2 915	2 671	2 817
Ontwikkelde bates	-	-	-	-	-	-	-	-
Sagteware en ander ontasbare bates	-	20	44	-	-	15	16	17
Grond en ondergrondse bates	-	-	-	-	-	-	-	-
Totaal	499 970	301 730	294 023	313 158	352 480	390 761	410 342	443 701

7.2 Verband tussen uitgawetendense en strategiese doelwitte

Die Departement se kernfunksies en -verantwoordelikhede is om voorsiening te maak vir veeltaligheid, kunste en kultuur, sport en ontspanning, museums en erfenisbestuur en biblioteek- en argiefdienste en om dit te bevorder ten einde groei op 'n volhoubare manier te versnel tot voordeel van al die mense van die Wes-Kaap. Vir hierdie doel dra die begroting en MTUR-toewysings soos volg by tot die verwesenliking van die instelling se strategiese doelwitte:

- 11.10% van die MTUR-toewysing maak 'n doeltreffende, bevoegde en ekonomiese administrasiediens aan die Departement, insluitend openbare entiteite, moontlik.
- 21.22% van die MTUR-toewysing dra by tot die bevordering, ontwikkeling en transformasie van al die kultuuraktiwiteite in die Wes-Kaap om 'n bydrae tot nasiebou, goeie staatsbestuur, die ontwikkeling van maatskaplike en mensekapitaal en volhoubare ekonomiese groei en geleenthede te maak.
- 45.97% van die MTUR-toewysing dra by tot die ontwikkeling, transformasie en bevordering van volhoubare biblioteek-, inligtings- en argiefdienste.
- 21.71% van die MTUR-toewysing dra by tot die vestiging en ondersteuning van getransformeerde institusionele en fisiese strukture om deelname aan en uitmuntendheid in sport te verhoog.

DEEL B: PROGRAM- EN SUBPROGRAMPLANNE

8. Program 1: Administrasie

Doel: Om die omvattende bestuur van en administratiewe steun aan die Departement uit te voer.

Ontleding per subprogram:

Subprogram 1.1: Kantoor van die LUR

Om administratiewe dienste, kliënteskakeling en steundienste aan die Provinsiale Minister te lewer.

Subprogram 1.2: Finansiële Bestuursdienste

Om omvattende finansiële steundienste aan die Departement te lewer, insluitend finansiële bestuursdienste aan die openbare entiteite.

Subprogram 1.3: Bestuursdienste

Om 'n administratiewe steunfunksie aan die Departementshoof te bied deur 'n doeltreffende kommunikasiediens en strategiese en operasionele steundienste te lewer, insluitend 'n moniterings- en evalueringsdiens (M&E), die implementering van inisiatiewe vir die verbetering van dienslewering, en die maak van beperkte voorsiening vir instandhoudings- en akkommodasiebehoefte.

8.1 Strategiese doelwit – jaarlikse teikens vir 2012/13

Strategiese doelwit	Om effektiewe en doeltreffende strategiese administratiewe dienste aan die Departement te lewer, met inbegrip van die openbare entiteite.
Doelwitverklaring	Om 'n effektiewe en doeltreffende strategiese administratiewe diens aan die Departement te lewer, met inbegrip van die openbare entiteite, om sodoende goeie, skoon, waardegedrewe staatsbestuur te verseker.
Grondlyn	Ongekwalfiseerde verslag van Ouditeur-Generaal
Regverdiging	'n Effektiewe, doeltreffende, ekonomiese administratiewe diens.

8.1.1 KANTOOR VAN DIE LUR

Strategiese doelwit	Om sekretariële, logistieke, administratiewe/kantoor- en parlementêre skakelsteun te bied.
Doelwitverklaring	Om 'n effektiewe en doeltreffende adviserende en sekretariële steundiens aan die Minister te lewer om sy of haar politieke verantwoordelikhede ter bevrediging van die Minister uit te voer.
Grondlyn	3-dag-omkeertyd om te reageer op korrespondensie wat aan die Minister gerig is
Regverdiging	Die doelwit sal die effektiewe, doeltreffende werking van die kantoor verseker.
Skakels	'n Effektiewe, doeltreffende, ekonomiese administratiewe diens.

8.1.2 FINANSIËLE BESTUURSDIENSTE

Strategiese doelwit	Om 'n effektiewe Finansiële Bestuursverbeteringsprogram (FBVP) te institusionaliseer.
Doelwitverklaring	Om 'n effektiewe Finansiële Bestuursverbeteringsprogram (FBVP) te institusionaliseer deur 'n kapasiteitsbou- raamwerk vir finanspersoneel te implementeer.
Grondlyn	1
Regverdiging	Gesonde finansiële bestuur.
Skakels	'n Effektiewe, doeltreffende, ekonomiese administratiewe diens.

8.1.3 BESTUURSDIENSTE

Strategiese doelwit	Die bestuur en omsit van beleide en prioriteite in strategieë binne die Departement van Kultuursake en Sport.
Doelwitverklaring	Om beleide en prioriteite om te sit in strategieë vir dienslewering en om prestasie binne die Departement van Kultuursake en Sport te bestuur, te monitor, te evalueer en te beheer, om sodoende goeie staatsbestuur te verseker.
Grondlyn	Nuwe doelwit
Regverdiging	Om effektiewe, doeltreffende, ekonomiese, billike en deursigtige dienslewering aan die Departement te verseker.
Skakels	'n Effektiewe, doeltreffende, ekonomiese administratiewe diens.

Subprogram 1.1: Kantoor van die LUR

Strategiese doelwit		Geouditeerde/Werklike prestasie			Geraamde prestasie 2011/12	Mediumtermyn-teikens		
		2008/09	2009/10	2010/11		2012/13	2013/14	2014/15
1.1.1	Om sekretariële, logistieke, administratiewe/kantoor- en parlementêre skakelsteun te bied	-	-	-	-	2	1	1

Subprogram 1.2: Finansiële Bestuursdienste

Strategiese doelwit		Geouditeerde/Werklike prestasie			Geraamde prestasie 2011/12	Mediumtermyn-teikens		
		2008/09	2009/10	2010/11		2012/13	2013/14	2014/15
1.2.1	Om 'n effektiewe Finansiële Bestuursverbeteringsprogram (FBVP) te institusionaliseer.	-	-	Kapasiteitsbou- raamwerk vir finanspersoneel ontwikkel/geïmplementeer/gehandhaaf	Handhaaf die kapasiteitsbou- raamwerk vir finanspersoneel	Hersien en handhaaf die kapasiteitsbou- raamwerk vir finanspersoneel	Handhaaf die kapasiteitsbou- raamwerk vir finanspersoneel	Handhaaf die kapasiteitsbou- raamwerk vir finanspersoneel

Subprogram 1.3: Bestuursdienste

Strategiese doelwit		Geouditeerde/Werklike prestasie			Geraamde prestasie 2011/12	Mediumtermteikens		
		2008/09	2009/10	2010/11		2012/13	2013/14	2014/15
1.3.1	Die bestuur en omsit van beleide en prioriteite in strategieë binne die Departement van Kultuursake en Sport	-	-	11	9	16	16	16

8.2 Programprestasie-aanwysers en jaarlikse teikens vir 2012/13

Subprogram 1.1: Kantoor van die LUR

AANGEPASTE PROVINSIE-SPESIFIEKE PRESTASIEMAATREËLS								
Programprestasie-aanwyser		Geouditeerde/Werklike prestasie			Geraamde prestasie 2011/12	Mediumtermteikens		
		2008/09	2009/10	2010/11		2012/13	2013/14	2014/15
1.1.1	Ontwikkel en implementeer 'n lêerplan vir die Ministerie	-	-	-	-	1 konseplêerplan opgestel	1 goedgekeurde en geïmplementeerde lêerplan	1 geïmplementeerde lêerplan in stand gehou
1.1.2	Ontwikkel 'n tribunaal-prosedure-dokument om appëlle by die LUR meer stroombeilyn te maak en om dit ingevolge artikel 49 van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999 (Wet 25 van 1999) te fasiliteer	-	-	-	-	1 tribunaal-prosedure-dokument opgestel en geïmplementeer	-	-

Subprogram 1.2: Finansiële Bestuursdienste

AANGEPASTE PROVINSIE-SPESIFIEKE PRESTASIEMAATREËLS								
Programprestasi- aanwyser		Geouditeerde/Werklike prestasië			Ge- raamde prestasië 2011/12	Mediumtermyn-teikens		
		2008/09	2009/10	2010/11		2012/13	2013/14	2014/15
1.2.1	Ontwikkel/ implemen- teer/ handhaaf 'n kapa- siteitsbou- raamwerk vir finansperso- neel	-	-	Ontwik- kel/ imple- menteer/ hand- haaf 'n kapsi- teitsbou- raam- werk vir fi- nansper- soneel	Gehand- haaf	Hersien en hand- haaf	Gehand- haaf	Gehand- haaf

Subprogram 1.3: Bestuursdienste

AANGEPASTE PROVINSIE-SPESIFIEKE PRESTASIEMAATREËLS								
Programprestasi- aanwyser		Geouditeerde/Werklike prestasië			Ge- raamde prestasië 2011/12	Mediumtermyn-teikens		
		2008/09	2009/10	2010/11		2012/13	2013/14	2014/15
1.3.1	Implementeer inisiatiewe vir die ver- betering van dienslewering in ooreen- stemming met Batho Pele	-	-	8	6	2	2	2
1.3.2	Getal evalu- asies gedoen (hou verband met Monite- ring en Evalu- ering)	4	3	3	3	2	2	2
1.3.3	Getal kom- munika- sieplanne opgestel en geïmplemen- teer	-	-	-	-	12	12	12

8.3 Kwartaalteikens vir 2012/13

Subprogram 1.1: Kantoor van die LUR

AANGEPASTE PROVINSIE-SPESIFIEKE PRESTASIEMAATREËLS							
Programprestasiie-aanwyser		Verslagtydperk	Jaarlikse teiken 2012/13	Kwartaallikse teikens			
				1e	2e	3e	4e
1.1.1	Ontwikkel en implementeer 'n lêerplan vir die Ministerie	Jaarliks	1 konseplêerplan opgestel	-	1 konseplêerplan opgestel	-	-
1.1.2	Ontwikkel 'n tribunaalproseduredokument om appêlle by die LUR meer stroombelyn te maak en om dit ingevolge artikel 49 van die Wet op Nasionale Erfenishulp-bronne, 1999 (Wet 25 van 1999) te fasiliteer	Jaarliks	1 tribunaalproseduredokument opgestel en geïmplementeer	-	-	1 tribunaalproseduredokument opgestel en geïmplementeer	-

Subprogram 1.2: Finansiële Bestuursdienste

AANGEPASTE PROVINSIE-SPESIFIEKE PRESTASIEMAATREËLS							
Programprestasiie-aanwyser		Verslagtydperk	Jaarlikse teiken 2012/13	Kwartaallikse teikens			
				1e	2e	3e	4e
1.2.1	Handhaaf 'n kapasiteitsbou- raamwerk vir finanspersoneel	Jaarliks	1	-	-	-	1

Subprogram 1.3: Bestuursdienste

AANGEPASTE PROVINSIE-SPESIFIEKE PRESTASIEMAATREËLS							
Programprestasiie-aanwyser		Verslagtydperk	Jaarlikse teiken 2012/13	Kwartaallikse teikens			
				1e	2e	3e	4e
1.3.1	Implementeer inisiatiewe vir die verbetering van dienslewering in ooreenstemming met Batho Pele	Jaarliks	2	-	-	-	2
1.3.2	Getal evaluasies gedoen (hou verband met Monitoring en Evaluering)	Kwartaallikse	2	-	-	1	1
1.3.3	Getal kommunikasieplanne opgestel en geïmplementeer	Kwartaallikse	12	3	3	3	3

8.4 Versoening van prestasietekens met die begroting en MTUR

Uitgaweramings

Tabel 8.4: Program 1: Administrasie

Subprogram	Uitgawe-uitkoms			Aangepaste begroting	Mediumtermyn-uitgaweraming		
	2008/09	2009/10	2010/11		2011/12	2012/13	2013/14
R duisend							
Kantoor van die LUR ¹	5 182	6 696	5 447	4 845	5 330	5 657	6 001
Finansiële Bestuursdienste	20 195	24 657	24 434	19 402	20 696	21 712	22 942
Bestuursdienste	8 009	10 339	7 127	15 208	17 332	17 147	18 145
Totaal	33 386	41 692	37 008	39 455	43 358	44 516	47 088

¹ LUR se totale vergoedingspakket: R1 566 089 met ingang 1 April 2011

Ekonomiese klassifikasie							
Lopende betalings	32 698	37 594	35 424	39 266	43 001	44 405	46 970
Vergoeding van werknemers	22 750	26 655	26 030	27 157	29 958	31 905	33 845
Goedere en dienste	9 925	10 839	9 394	12 109	13 043	12 500	13 125
Rente en huur op grond	-	-	-	-	-	-	-
Finansiële transaksies in bates en laste	23	100	-	-	-	-	-
Oordragte en subsidies aan:	112	3 487	-	130	-	-	-
Provinsies en munisipaliteite	-	-	-	-	-	-	-
Departementele agent-skappe en rekenings	100	380	-	130	-	-	-
Universiteite en teknikons	-	-	-	-	-	-	-
Openbare korporasies en private ondernemings	-	-	-	-	-	-	-
Buitelandse regerings en internasionale organisasies	-	-	-	-	-	-	-
Instellings sonder winsoogmerk		2 246	-	-	-	-	-
Huishoudings	12	861	-	-	-	-	-
Betalings vir kapitaalbates	576	611	1 528	43	357	111	118
Geboue en ander vaste strukture	-	-	-	-	-	-	-
Masjinerie en toerusting	576	604	1 515	59	342	95	101
Ontwikkelde bates	-	-	-	-	-	-	-
Sagteware en ander ontasbare bates	-	-	-	-	15	16	17
Grond en ondergrondse bates	-	7	13	-	-	-	-
Totaal	33 386	41 692	37 008	39 455	43 358	44 516	47 088

Prestasie- en uitgawetendense

Die daling ten opsigte van Finansiële Bestuursdienste vanaf 2010/11 word aan die moderniseringsproses toegeskryf. Gedurende die 2011/12-boekjaar het die Departement die Direktooraat: Strategiese Operasionele en Bestuursteun ingestel. Dit het die interne herprioritering van R1 miljoen vir die 2012/13-boekjaar vereis. In 2012/13 word daar onder Subprogram: Bestuursdienste voorsiening gemaak vir eenmalige kapitaaluitgawes van R0.250m ten opsigte van handelsmerke en naamborde. 'n Bedrag van R0.844m vir die PAY-projek (Pay Advancement for Youth) is ook by hierdie bedrag ingesluit.

9. Program 2: Kultuursake

Doel: Om dienste ten opsigte van kuns en kultuur, museums, erfenis en taalverwante dienste aan die inwoners van die Wes-Kaap te lewer.

Ontleding per subprogram:

Subprogram 2.1: Bestuur

Om strategiese bestuursteun aan Kultuursake te verskaf.

Subprogram 2.2: Kuns en Kultuur

Om die ontwikkeling, bewaring en bevordering van kuns en kultuur in die Wes-Kaap te fasiliteer deur die skep van doeltreffende en lewendige kuns- en kultuurstrukture, aktiwiteite en omgewings en om die Wes-Kaapse Kultuurkommissie (WKKK) te ondersteun en by te staan om sy wettige mandaat uit te voer.

Subprogram 2.3: Museumdienste

Om erfenis te bevorder en te bewaar deur middel van museumdienste en organisasies, om voorsiening te maak vir die bewaring, bevordering en ontwikkeling van kultuur en erfenis, en om geaffilieerde museums verder by te staan deur die Provinsiale Ordonnansie op Museums, 1975, te implementeer.

Subprogram 2.4: Erfenishulpbrondienste

Om voorsiening te maak vir die bewaring, bevordering en ontwikkeling van erfenishulpbronne; om prosesse vir die standaardisering of veranderinge van geografiese name, waar nodig, te fasiliteer; om kwessies in verband met Wêrelderfenis in die Wes-Kaap te fasiliteer, en om hulp te verleen met erfenishulpbronnbestuur deur die nasionale mandate van die Wet op die Raad vir Suid-Afrikaanse Geografiese Name, 1998, die Wet op die Wêrelderfeniskonvensie, 1999, en die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999, te implementeer.

Subprogram 2.5: Taaldiens

Om veeltaligheid in die Wes-Kaap te bevorder as deel van die bou van trots en begrip onder ons mense; om die voorheen gemarginaliseerde inheemse tale aktief te ontwikkel; om die implementering en monitering van die Taalbeleid te fasiliteer, en om die Wes-Kaapse Taalkomitee (WTK) by te staan.

SUBPROGRAM	AFDELINGS	FUNKSIES
Bestuur	Hoofdirektoraat: Kultu- ursake	<ul style="list-style-type: none"> Bied strategiese rigting en bestuur die program
Kuns en Kultuur	Kulturdienste	<ul style="list-style-type: none"> Bied professionele en administratiewe steun aan die Wes-Kaapse Kultuurkommissie Fasiliteer die bevordering, ontwikkeling en bewaring van die kunste en kultuur
Museumdienste	Museumdiens	<ul style="list-style-type: none"> Bied bestuursteun aan geaffilieerde museums Bied professionele steun aan geaffilieerde museums Bied tegniese steun aan geaffilieerde museums
Erfenisdienste	Erfenishulpbron- bestuursdiens	<ul style="list-style-type: none"> Bied van professionele en ander steun aan Erfenis Wes-Kaap
	Wes-Kaapse Geografiese Name- diens	<ul style="list-style-type: none"> Bied professionele en administratiewe steun aan die Wes-Kaapse Komitee vir Geografiese Name Bied strategiese leiding aan plaaslike owerhede en die publiek ten opsigte van voorgestelde veranderinge aan geografiese name
Taaldienste	Taalbeleid	<ul style="list-style-type: none"> Bied professionele en ander steun aan die Wes-Kaapse Taalkomitee Hou toesig oor die implementering van die Taalbeleid Verskaf taaldienste

9.1 Strategiese doelwit – jaarlikse teikens vir 2012/13

Strategiese doelwit	Om artistieke studieveld en kulturele aktiwiteite uit te bou tot lewensvatbare geleenthede vir gemeenskappe in die Wes-Kaap.
Doelwitverklaring	Die bevordering van kulturele diversiteit en artistieke studiegebiede tot lewensvatbare geleenthede deur die uitbou van talent en uitmuntendheid terwyl wydgebaseerde deelname en genot van die kunste in alle gemeenskappe uitgebrei word deur die fasilitering van programme binne die ses genres.
Grondlyn	77 organisasies vir kuns en kultuur
Regverdiging	<ul style="list-style-type: none"> Meer georganiseerde belanghebbegroepes en -formasies vir die kunste en kultuur met die nodige kapasiteit. Gefokusde ingrypings gerugsteun deur navorsing. Duidelik gedefinieerde uitkomstes vir programme ten opsigte van genre- en talentontwikkeling. Maatskaplike samehorigheid en die ontwikkeling van mensekapitaal moet deur die kunste en kultuur bevorder en uitgebou word. Die impak van kuns en kultuur op die ekonomie.
Skakels	<ul style="list-style-type: none"> Verbetering van skoolonderriguitkomstes. Dit skakel in by die Provinsiale Strategiese Doelwit oor Maatskaplike Samehorigheid vir 2010/15. Nasionale Mediumtermyn- Strategiese Raamwerk 2009/14 wat daarop gerig is om armoede te verminder, landelike ontwikkeling te bevorder en 'n billiker verdeling van die voordele van ekonomiese groei te verseker. Deur middel van die genre-ontwikkelingsprogram bevorder, ontwikkel en handhaaf die Departement die uitvoerende, letterkundige en visuele kunste in die Wes-Kaap.

Strategiese doelwit	Om effektiewe en doeltreffende professionele en administratiewe steun te bied aan 31 openbare entiteite en staatsorgane waaroor die Departement toesig hou en om die uitsette van hierdie instellings te monitor en te evalueer.
Doelwitverklaring	Die bied van effektiewe en doeltreffende professionele, administratiewe en finansiële steun aan openbare entiteite en staatsorgane waaroor die Departement toesig hou.
Grondlyn	<ul style="list-style-type: none"> • Erfenis Wes-Kaap • Wes-Kaapse Kultuurkommissie • Wes-Kaapse Taalkomitee • 28 geaffilieerde museums
Regverdiging	Die Departement bied professionele en administratiewe steun aan die drie provinsiale openbare entiteite en die 28 verklaarde museums om te verseker dat hulle hulle onderskeie mandate uitvoer.
Skakels	<ul style="list-style-type: none"> • Die verbetering van skoolonderriguitkomste. • Die steun wat gebied word aan die drie provinsiale openbare entiteite en geaffilieerde museums sal bydra tot die bevordering, ontwikkeling en transformasie van kultuurbedrywighede. Dit sal op sy beurt bydra tot nasiebou, goeie staatsbestuur, die ontwikkeling van maatskaplike en mensekapitaal en volhoubare ekonomiese groei en geleenthede.

Strategiese doelwit	Om die transformasie van die Wes-Kaap se erfenislandskap te bespoedig deur die lewering van verskillende dienste om die erfenis van die Wes-Kaap te bewaar, te ontwikkel en te bevorder deur middel van die geaffilieerde museumdienste en geaffilieerde erfenisinstellings.
Doelwitverklaring	Die bespoediging van die transformasie van die Wes-Kaap se erfenislandskap deur middel van die lewering van verskillende dienste vir die bewaring, ontwikkeling en bevordering van die erfenis van die Wes-Kaap deur middel van die 30 geaffilieerde erfenisinstellings.
Grondlyn	<ul style="list-style-type: none"> • 28 geaffilieerde museums • Die Wes-Kaapse Komitee vir Geografiese Name • Erfenis Wes-Kaap
Regverdiging	<ul style="list-style-type: none"> • Die Departement het 'n grondwetlike mandaat ten opsigte van museums buiten nasionale museums en provinsiale kultuursake. • Die geaffilieerde museums en die staatsorgane is goed geposisioneerde agente om die ontwikkeling en transformasie van die provinsie se erfenislandskap te bespoedig en lewenslange leer deur middel van openbare programme te komplementeer. • Museums en erfenis dra by tot maatskaplike samehorigheid en die ontwikkeling van mensekapitaal. • Museums en erfenisterreine bied geleenthede vir ekonomiese ontwikkeling deur fokuspunte te wees, veral in landelike dorpe, waarrondom erfenis- en kultuurtoerismebesigheid gebou kan word. • Die voortgesette hersiening en standaardisering van geografiese name bied 'n ideale geleentheid om die erfenis, geskiedenis, kulturele en taaldiversiteit van die Wes-Kaap weer te gee.

